| | Grove Precision Specialist PTY LTD<br>VAT Nr: 4860264177<br>Reg Nr: 2013/190759/07<br><br>https://groveprecision.com/ | 4 Vygie St,<br>Balkfontein<br>BOTHAVILLE<br>9660<br>South Africa | ☏ + 27 60 98 09 816<br>☏ + 27 72 22 63 258<br><br>gerda@gpsmail.co.za |
|---|---|---|---|

**TERMES EN VOORWAARDES:**

**VERKOPE EN DIENSTE**

Die termes en voorwaardes reguleer die besigheidsverhouding tussen u en ons. Indien u deur ons webwerf met ons kontak maak en produk/toerusting deur ons aankoop of van ons dienste gebruik maak, aanvaar ons dat u hierdie termes en voorwaardes gelees het en daarmee saamstem. Dat ons in ooreenkoms staan en dit dan 'n bindende ooreenkoms staaf.

Die Partye in hierdie ooreenkoms is dus:

**GROVE PRECISION SPECIALIST (PTY) LTD, VYGIESTRAAT 4, BALKFONTEIN, BOTHAVILLE, 9660** (hierna verwys as "die Verkoper/Diensverskaffer")

EN

**U WIE DIE WEBWERF, E-POS OF WHATSAPP GEBRUIK DEUR U BESONDERHEDE TE VERSKAF AAN ONS OM AAN U 'N KWOTASIE, WERKSKAART EN FAKTUUR TE VERSKAF** (hierna verwys as "die Kliënt').

Lees asseblief die ooreenkoms noukeurig deur en bêre dit. Indien u nie met die termes saamstem nie, moet u asseblief ons webwerf verlaat en gladnie u inligting verskaf, of met ons enige vorm van transaksie aangaan nie.

## 1. DEFINISIES

In hierdie ooreenkoms beteken:

**"dienste"** – beteken die dienste wat die Verkoper/Diensverskaffer onderneem het om aan die kliënt te lewer.

**"Kliënt"** – beteken die person of entiteit aan wie die Verkoper Diensverskaffer 'n diens lewer, of produk/toerusting verkoop.

**"leenooreenkoms"** – beteken die addisionele ooreenkoms wat aangegaan word tussen die relevante partye, ten opsigte van die leentoerusting.

**"leentoerusting"** – beteken die toerusting wat die Kliënt of by die Verkoper/Diensverskaffer of by 'n derde party wat deur die Verkoper/Diensverskaffer geadministreer word, leen vir 'n sekere tydperk

**"ons webwerf"** – beteken hierdie webwerf wat u tans besoek en u persoonlike besonderhede invul vir die verkryging van 'n kwotasie vir 'n produk/toerusting of versoek van diens wat gelewer moet word.

**"ooreenkoms"** – beteken die betaalde of getekende kwotasie deur die Kliënt aanvaar, wat deur die Verkoper/Diensverskaffer terug ontvang is, vir die produk/toerusting verkoop, asook die onbetwiste werkskaart wat na 7 dae in 'n faktuur verwerk en aan die Kliënt gestuur word. In die geval van enige dispuut, sal die Termes en Voorwaardes voorkeur geniet bo enige ander dokumentasie in die ooreenkoms vervat.

**"persoonlike inligting"** – beteken die kliënt se persoonlike inligting vir die gebruik, soos vermeld in ons "Privacy Policy", soos aangeheg op ons webwerf.

**"produk/toerusting"** – beteken enige toerusting, parte, materiale, voorraad en enige goedere wat die Verkoper/Diensverskaffer onderneem om aan die Kliënt te verskaf onder die ooreenkoms.

**"prys"** – beteken die kwotasie- of faktuurbedrag deur die Verkoper/Diensverskaffer aan die Kliënt verskaf.

**"Termes en Voorwaardes"** – beteken hierdie algemene termes en voorwaardes vir die verkoop van produkte en die lewering van dienste, tesame met enige veranderinge en addisionele voorwaardes vervat in die Verkoper/Diensverskaffer se kwotasie / werkskaart en fakture.

**"toestemming"** – beteken dat die Kliënt toestemming gee dat die Verkoper/Diensverskaffer, sy/haar persoonlike inligting hier ingevul of via E-pos of WhatsApp verskaf, mag gebruik vir alle doeleindes vermeld in die "Privacy Policy", soos aangeheg op ons webwerf.

## 2. BETAALTERMES – VERKOPE & DIENSTE

Die Kliënt bevestig dat:

2.1 Enige transaksie aangegaan tussen die Verkoper/Diensverskaffer **streng kontant** sal wees en dat **geen krediettransaksies** van toepassing sal wees nie.

2.2 die bedrag gemeld op 'n kwotasie slegs geldig is vir 7 dae en dat geen bestelling geplaas of produk/toerusting verskaf sal word, alvorens die kwotasiebedrag nie in die Verkoper/Diensverskaffer se bankrekening reflekteer nie.

2.3 die termes vermeld op alle kwotasies, werkskaarte en fakture deel vorm van hierdie termes en voorwaardes en sal saamgelees word, al word dit nie hier herhaal of vermeld nie.

2.4 indien daar tweedehandse of demo toerusting deur die Verkoper/Diensverskaffer aan die Kliënt verkoop word, sal dit aan die kliënt geleen word om getoets te word, vir 'n periode van 14 dae. Die kwotasie sal deur die Kliënt aanvaar word deur dit te onderteken, alvorens hy/sy die toerusting sal ontvang vir die toetstydperk. Indien die kwotasie nie betaal is binne die 14 dae toetstydperk nie, en daar geen klagte van enige foute op die toerusting aan die

Verkoper/Diensverskaffer op skrif deurgegee is nie, behou die Verkoper/Diensverskaffer die eienaarskap, sowel as retensiereg op die toerusting en sal die toerusting deur een van die Verkoper/Diensverskaffer se tegnikuse summier verwyder word, sonder om enige voorafgaande kennisgewing aan die Kliënt te stuur. Die Kliënt doen afstand van enige reg om in terme van die toerusting 'n spoliasieaansoek te bring, sou die Verkoper/Diensverskaffer die toerusting verwyder.

2.5 Die Kliënt stem toe tot die aanvaarding van kwotasies, werkskaarte, fakture, debietnotas, kredietnotas en state vanaf die Verkoper/Diensverskaffer, wat via e-pos uitgestuur sal word. Hierdie uitgestuurde dokumente sal dan dien as die oorspronklike dokumentasie en alle opvolg uitdrukke, sal dan afskrifte van die oorspronklike wees.

2.6 Alle uitgestuurde werkskaarte waarop daar geen **skriftelike** dispuut deurgegee is na die Verkoper/Diensverskaffer binne 7 kalenderdae nie, word aanvaar dat die werk korrek gedoen is en dat die Kliënt ten volle daarmee saamstem en daarmee tevrede is. 'n Faktuur sal na hierdie 7 dae aan die kliënt via WhatsApp / E-pos uitgestuur word. Hierdie faktuur sal bindend en betaalbaar wees, binne 7 dae na faktuurdatum.

2.7 Indien die kliënt enige dispuut in terme van enige faktuur het, moet dit binne 48 uur na ontvangs via e-pos / WhatsApp, skriftelik via kerende e-pos / WhatsApp, onder die Verkoper/Diensverskaffer se aandag gebring word. Indien daar geen dispuut ontvang word vanaf die Kliënt nie, sal die faktuur as korrek, bindend en betaalbaar beskou word.

2.8 Indien daar **enige** vorige uitstaande fakture verskuldig is deur die Kliënt aan die Verkoper/Diensverskaffer, sal **alle** betalings wat ontvang word, eers teen die **oudste fakture** geallokeer word, alvorens enige betalings na nuuter fakture geallokeer sal word.

## 3. BETALINGS AAN DIE VERKOPER/DIENSVERSKAFFER

3.1 Die Verkoper/Diensverskaffer ontvang alle betalings via EFT direk in hulle bankrekening, wat persoonlik aan u verskaf sal word, waarna u dit met die bankbesonderhede op die ontvangde fakture kan vergelyk.

3.2 Die Verkoper/Diensverskaffer sal nie hulle bankbesonderhede verander deur 'n e-pos aan u te versend nie. Die Verkoper/Diensverskaffer aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verliese, sou die Kliënt die gelde in 'n foutiewe bankrekening inbetaal nie.

## 4. VERANDERING VAN BESONDERHEDE

4.1 Die Kliënt onderneem om binne 7 (sewe) dae enige veranderde besonderhede aan die Verkoper/Diensverskaffer skriftelik deur te gee.

5. **VERANDERING VAN EIENAARSKAP**

5.1 Die Kliënt onderneem om binne 20 dae die Verkoper/Diensverskaffer skriftelik kennis te gee indien daar enige eienaarsveranderinge of aandeelhouersveranderinge in die Kliënt se maatskappy of besigheid sal plaasvind en erken en onderneem dat hy/sy enige uitstaande balanse verskuldig aan die Verkoper/Diensverskaffer **onmiddellik** sal betaal.

6. ***DOMICILIUM CITANDI ET EXECUTANDI***

6.1 Die Kliënt kies hiermee die adres verskaf op die elektronies-ingevulde gedeelte, as sy/haar *domicilium citande et executandi,* met ander woorde, die adres waar die Kliënt alle kennisgewings en regsprosesstukke ensovoorts sal ontvang, ongeag of die Kliënt nog by die adres woonagtig is of daar handel dryf.

7. **PRYSVERHOGINGS**

7.1 Pryse gekwoteer deur die Verkoper/Diensverskaffer wat nie binne 7 dae deur die kliënt aanvaar is nie, is onderhewig aan ‘n prysverhoging na goeddunke van die Verkoper/Diensverskaffer en sal onder die kliënt se aandag gebring word.

8. **GELDIGE BESTELLINGS**

8.1 In die geval dat ‘n versoek/bestelling wat die Kliënt se naam en besonderhede bevat aan die Verkoper/Diensverskaffer deurgegee word, hetsy via hulle webwerf, e-pos of WhatsApp, deur ‘n ongemagtige person in diens van die Kliënt, sal dit gesien word as ‘n geldige versoek/bestelling gemaak deur die Kliënt self, en die verantwoordelikheid rus by die Kliënt of vas te stel of die bestelde toerusting korrek is vir die doel waarvoor dit gebruik gaan word.

9. **AFLEWERING EN INSTALLASIE VAN TOERUSTING**

9.1 Enige aflewering of installasiedatum deur die Verkoper/Diensverskaffer aan die Kliënt verskaf, sal ‘n geskatte datum wees en die Verkoper/Diensverskaffer sal nie gepenaliseer word, sou daar vertragings wees in die aflewering en/of installasie

van enige toerusting nie en sal die Kliënt nie die aanvaarding van die toerusting op die afleweringsdag weier nie.

9.2 Elke aflewring / installasie van toerusting of dienste verskaf deur die Verkoper/Diensverskafer sal gesien word as ‘n aparte kontrak en die prys daarvan is per faktuur afsonderlik betaalbaar.

9.3 Die risiko verbonde aan die toerusting sal verplaas word vanaf die Verkoper/Diensverskaffer na die Kliënt, die oomblik wanneer die toerusting afgelewer of ge-installeer is, alhoewel die eienaarskap daarvan eers oorgedra word, wanneer die toerusting ten volle betaal is.

## 10. WAARBORGE & TERUGVERSENDINGS

10.1 Die waarborge en terugversendingsbeleide van die Verkoper/Diensverskaffer se onderskeie verskaffers is van toepassing

## 11. BEHOUD VAN EIENAARSKAP

11.1 Totdat die Kliënt nie die bestelde toerusting ten volle betaal het aan die Verkoper/Diensverskaffer nie, sal daar geen oorplasing van eienaarskap van die toerusting bestaan nie en sal die Verkoper/Diensverskaffer, in sy eie diskresie en sonder enige kennisgewing aan die Kliënt, die reg behou om die toerusting te verwyder en besit daarvan terug te neem en na goeddunke daarmee te handel. Die Kliënt doen afstand van enige regte wat hy/sy mag hê om ‘n spoliasieaansoek te doen teen die Verkoper/Diensverskaffer, sou die Verkoper/Diensverskaffer die toerusting terug in besit neem.

## 12. VERANTWOORDELIKHEDE IN TERME VAN VERLIESE & SKADE

12.1 Die Verkoper/Diensverskaffer sal onder geen omstandighede verantwoordelik gehou word vir enige verliese of skade gely deur die Kliënt, ongeag of dit veroorsaak word as gevolg van enige fout, teenstrydigheid, gebrek aan spesifikasies, mates of enige ander instruksies, natuurlike rampe, onvermybare ongelukke, aksies van staatsvyande, onluste, uitsluitings, stakings van arbeiders, vervoervertragings, verkorte werksure, beurtkrag, opstande, oorlog, handel boitkotte, sanksies of handelbeperkings deur die regering, gesag, maatskappy or organisasie of person of persone in die Republiek van Suid Afrika, of buite die landsgrense of enige oorsaak buite die beheer van die Verkoper/Diensverskaffer nie.

12.2 Die Verkoper/Diensverskaffer verskaf ween waarborge (hetsy uitdruklik of ge-impliseer) wat die geskiktheid van die toerusting aanbetref vir die doel waarvoor dit benodig word nie.

**13. WANBETALING**

13.1 Indien die Kliënt enige uitstaande faktuur nie betaal binne die gemelde termyne nie, sal die hele bedrag verskuldig onmiddellik betaalbaar word, sonder enige verdere kennisgewing aan die Kliënt.

**14. RENTE OP AGTERSTALLIGE FAKTURE**

14.1 Die Verkoper/Diensverskaffer sal geregtig wees om die Kliënt rente teen 2% (TWEE) per maand of 24%(VIER EN TWINTIG) per jaar te vra, vandat die faktuur agterstallig raak, met dien verstande dat niks hierin vervat, sal ge-interpreteer word dat de Verkoper/Diensverskaffer enige toegewing sal maak aan die Kliënt om betaling te maak na die versoekte betaaldatum op die faktuur nie.

**15. EISBEWYS**

15.1 ‘n aanvaarde kwotasie of uitstaande werkskaart en faktuur, tesame met ‘n rekeningstaat sal as behoorlike bewys dien van die uitstaande bedrag wat betaalbaar sal wees deur die Kliënt aan die Verkoper/Diensverskaffer.

**16. JURISDUKSIE**

16.1 Ongeag die bedrag wat deur die Kliënt aan die Verkoper/Diensverskaffer verskuldig is, stem beide partye toe tot die Jurisdiksie van die Landdroshof, in terme van artikel 45 van die Wet op Landdroshowe (Wet 32 van 1944, soos gewysig), vir die instelling van enige aksie of proses, wat deur die Verkoper/Diensverskaffer teen die Kliënt ingestel mag word, voortspruitend uit enige transaksies aangegaan tussen die twee partye. Dit word op rekord geplaas dat die Verkoper/Diensverskaffer die reg sal hê, maar nie verplig sal wees om enige aksie na die gemelde hof te bring nie.

**17. INVORDERING VAN REGS- / INVORDERINGSKOSTES**

17.1 Indien die Verkoper/Diensverskaffer instruksie aan hulle prokureurs gee om enige uitstaande bedrag verskuldig deur die kliënt, in te vorder of om regsaksie te neem om die Verkoper/Diensverskaffer se regte te beskerm, sal die Verkoper/Diensverskaffer die reg hê om alle regs- of invorderingskostes verhaal teen Prokureur-en-eie-Kliëntkoste-tarief, vanaf die Kliënt en die Kliënt onderneem om dit te betaal.

**18. BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING ("POPIA")**

18.1 Die Verkoper/Diensverskaffer, hulle personeel, verteenwoordigers, sub-kontrakteurs en derde partye, word versoek om die Kliënt se persoonlike inligting te versamel, te prosesseer, te deel en te stoor vir die doeleindes waarvoor dit benodig word, soos vermeld in die "PRIVACY NOTICE" beskikbaar op die webwerf. Die Verkoper/Diensverskaffer sowel as die voormelde partye sal tot die beste van hulle vermoëns die kliënt se persoonlike inligting beskerm. Die kliënt het toegangsreg tot die inligting wat die Verkoper/Diensverskaffer van die Kliënt versamel, geprosesseer, gedeel en gestoor het. **Die kliënt verleen hiermee dus toestemming dat die persoonlike inligting wat hetsy deur die verskaffing van persoonlike inligting deur die webwerf, of deur enige ander metode aan die Verkoper/Diensverskaffer verskaf word, vir die doeleindes, soos uiteengesit in die "PRIVACY NOTICE" beskikbaar op die webwerf, gebruik mag word**. Die Kliënt kan ook die toestemming wat deur die verskaffing van die persoonlike inligting verleen is, skriftelik onttrek, maar moet terselfdertyd kennis neem dat dit die verdere verskaffing van dienste en produkte sal be-invloed en dit sal lei daartoe dat geen dienste of produkte verder deur die Verkoper/Diensverskaffer aan die Kliënt gelewer sal kan word nie.

**19. NIE-AFSTANDDOENING VAN REGTE**

19.1 Sou die Verkoper/Diensverskaffer enige verbreking van enige van die bepalings in hierdie ooreenkoms kwytskeld, toegee, toelaat of 'n guns aan die Kliënt bewys, dit onder geen omstandighede dien as afstanddoening deur die Verkoper/Diensverskaffer van hulle regte kragtens hierdie Termes en Voorwaardes, of as novasie daarvan vertolk word nie.

**20. SKEIBAARHEIDSKLOUSULE**

20.1 Elke klousule vervat in hierdie Termes en Voorwaardes is skeibaar, die een van die ander en indien enige of meer van die klousules ongeldig of onafdwingbaar is,

sal die res van die klousules van hierdie Termes en Voorwaardes nie daardeur beinvloed word nie en sal tenvolle effektief en van krag bly.

## 21. HELE OOREENKOMS

21.1 Hierdie Termes en Voorwaardes, tesame met die gestipuleerde voorwaardes vermeld op die Werkkaart, Kwotasie, asook die Belastingfaktuur, bevat die hele ooreenkoms tussen die Verkoper/Diensverskaffer en die Kliënt. Geen ander Termes en Voorwaardes, hetsy uitdruklik of stilswyend of hierby uitgesluit, of enige wysigings kansellasies of toevoegings tot hierdie ooreenkoms, sal enigsins geldig wees, tensy dit tussen die partye op skrif gesplaas en deur beide partye onderteken is nie.

______________________________

Namens Grové Precision Specialist